Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

OMSENDBRIEF 9/2018 **11 April 2018**

1. **Welkom terug**
Hartlik welkom terug aan almal na die vakansie. In besonder ook welkom aan Mee. Elna van der Westhuizen en Celeste Muller wat terug is na hul siekbed en Nadia van Huyssteen wat terug is na haar kraamverlof.
Aan al die nuwe leerlinge wat by Dagbreek ingeskryf het, ons hoop dat julle gou tuis sal voel en vinnig volwaardige Daggies sal word.

2. **Ouermiddag**
Die leerlinge het op Woensdag 28 Maart hul rapporte vir die eerste kwartaal ontvang. Ons het op Woensdag 18 April 'n ouermiddag waar u enige Kurrikulum- aangeleenthede met die personeel kan bespreek.
Graad R, 1 en 2 : 13:15 – 14:30
Graad 3 – 7 en LSOB: 13:45 – 14:30

Let asseblief daarop dat die volgende personeel nie beskikbaar sal wees nie, as gevolg van Mini-Netbalwedstryde by Fochville Laerskool.
Maak asseblief vroegtydig met hulle 'n afspraak indien daar enige probleme mag wees. Mee: J. Laubscher, A. Els, R. Correia, N. van Huyssteen, S. Moscos en M. Lewitton.

3. **Rugby en Netbal**
Die Rugby- en Netballiga begin nou eersdaags. Maak asseblief seker dat u kind gereeld die oefeninge bywoon. Ons rig ook 'n versoek aan u dat u assebief ons kinders sal ondersteun by hulle wedstryde. Positiewe aanmoediging van die kantlyn af, sal bydra tot die trots en respek wat ons vir ons leerlinge op elke gebied probeer kweek.

Baie dankie aan elke afrigter en leerder wat hierdie jaar al so vroeg begin het met die oefeninge. U harde werk en opoffering word raakgesien en waardeer.

4. **Hekke, veiligheid en wagarea**
Die hekke sluit soggens om 07:30. Ons herinner u weer dat **geen ouer op die terrein** mag wees tydens skoolure nie. Groet asseblief u kind by die hek en wag in die middag ook buite die terrein vir u kind. Slegs so kan ons verseker dat daar nie ongewenste persone op die terrein en tussen die kinders beweeg nie. Gee asseblief u samewerking in hierdie verband.

Die hekke sal om 13:15 vir die Graad R, 1 en 2 leerders oopgesluit word. Al die hekke sal weer om 14:15 gesluit word, behalwe die hek by die aflaaisone. Indien u, u kind eers na 14:15 kom haal, sal hy/sy vir u by die hek langs WOW naskoolsentrum wag. Let asseblief daarop dat daar geen toesig vir die leerlinge is op die terrein na 14:00 nie, tensy daar 'n geskeduleerde aktiwiteit plaasvind.

admin@dagbreek.co.za

5. **Skooldrag**
Let asseblief daarop dat u kind elke dag die regte skooldrag aanhet en netjies skool toe sal kom. Leer asseblief van jongsaf vir u kind trots en persoonlike netheid aan.

Seuns: Grys kort- of langbroek, grys kouse en swart skoolskoene. Blou skooltrui, dri-mac of maroen kleurbaadjie. **Geen sweetpakke of sweetpakbaadjies nie.**
Seuns se hare netjies gesny.

Dogters: Blou rokkie met wit hemp, wit sokkies en swart skoolskoene.
Wintersdrag is 'n grys langbroek met wit hemp, blou skooltrui, dri-mac of maroen kleurbaadjie. **Geen sweetpakke of sweetpakbaadjies nie.**
Hare netjies gestilleer of in een of twee ponies of vlegsels vasgemaak, indien u dogter lang hare het. Slegs rooi, blou of wit linte of knippies mag gedra word.

Vrydae:
Informele "daggie-hemp en broekie" is Somersdrag. Gedurende die wintermaande trek die leerlinge op Vrydae hulle gewone Wintersdrag aan.

Die temperatuur is baie onvoorspelbaar hierdie tyd van die jaar en u as ouer kan self besluit op somers- of winterdrag.

Merk asseblief u kind se klere.

Baie dankie vir u ondersteuning by ons Daggie-Klerewinkel. Vergewis u asseblief dat die winkel slegs op **Dinsdae** oop is vanaf **13:30 tot 17:00.**

Kaartfassiliteite is beskikbaar.

6. **Sosiale Media**
Me. Carla de Beer, 'n regskenner op die gebied van Sosiale Media, gaan op Maandag 16 April met die Graad 4 tot 7 leerders kom gesels oor die gevare en slaggate rondom Sosiale Media. Die aand gaan sy ook by Fochville Hoërskool om 18:00 gesels en ons nooi u uit om u asseblief te kom vergewis van hierdie belangrike onderwerp. Daar is tans talle hofsake aan die gang waar siviele eise teen persone ingestel is op grond van aantuigings, bewerings en inkrimineerde uitlatings wat op Sosiale media gemaak word.

7. **Herregistrasies en Inskrywings vir 2019**
Alle leerlinge moet 'n herregistrasievorm invul om sy/haar plek te verseker in Laerskool Dagbreek vir 2019. U sal binne die volgende week 'n vorm ontvang wat u asseblief volledig moet voltooi en terugstuur skool toe. U kind se plek in Laerskool Dagbreek is slegs verseker indien ons die vorm volledig voltooid ontvang het. Ouers, daar is tans 'n tekort aan skole en die belangrikheid om vroegtydig aansoek te doen / te registreer vir 2019 is van kardinale belang.

Leerders wat 2019 in graad 1 gaan wees, moet Aanlyn Registreer op die Gauteng Departement van Onderwys se webtuiste (GDE Online Registrations). Dit werk op 'n "first come, first serve"-basis. Die registrasieproses open op 16 April 2018. Indien u nie toegang het tot die internet nie of hulp benodig met die registrasie-proses, is u welkom om die skool te kontak. Hier sal personeel wees wat u sal bystaan in die proses.

8. **Skoolfonds**

Baie dankie aan die ouers wat getrou hulle skoolfonds betaal. Graag herinner ons u dat die skoolfonds vooruitbetaalbaar is en Aprilmaand se skoolgeld is nou betaalbaar.

9. **Projekte**

Die volgende projekte is afgehandel:

- Borde op die terrein en trappe
- Plaveisel by die hek
- Net agter die rugbypale
- Handreëlings op die stoepe
- Muur by netbalbane gepleister

10. **Communicator**

Belangrike inligting word weekliks op die Communicator deurgegee. Indien u nog nie die Communicator afgelaai het nie, volg die volgende stappe:

http//www.d6.technology.com/download/school. Wanneer u dit gaan aflaai, klik eers op "save" en dan op "run". U kan die D6 Communicator ook op u selfoon of tablet installeer. Daar is verskillende "apps" vir u iPhone en Android wat u vanaf die "app" of "play store" gaan aflaai. Vir enige ander toestelle gaan na www.schoolcommunicator.mobi om toegang tot die "mobi site" te kry.

Indien dit nie vir u moontlik is om die Communicator te gebruik nie, moet u kind op Dinsdae 'n harde kopie by die kantoor kom afhaal. Dit bly u as ouer se verantwoordelikheid dat u kind 'n brief by die kantoor sal kom afhaal.

11. **Verjaarsdae Personeel**

Baie geluk aan die volgende personeel wat die vakansie verjaar het en wat in April verjaar.
30 Maart – Me. B. Oosthuizen
2 April – Me. C. Muller
4 April – Mnr. F. van Deventer
15 April – Me. L. Aucamp
29 April – Me. N. Ludick

12. **Belangrike datums**

Dinsdag	10 April	Skool heropen
Donderdag	12 April	Netbal teen Laerskool Rapportryer (daar) Rugby Goue Leeus proewe
Vrydag	13 April	Rugby Goue Leeus proewe
Sondag	15 April	Me. Lilla Aucamp verjaar
Maandag	16 April	Rugby Goue Leeus proewe Me. Carla de Beer – Sosiale Media
Dinsdag	17 April	Rugby Goue Leeus proewe Netbal liga teen Westfields Primary (daar)

Woensdag	18 April	Ouermiddag Mini-netbal by Laerskool Jongspan
Donderdag	19 April	Rugby liga teen Laerskool Muldersdrift (daar)
Saterdag	21 April	Netbal (o/10 – o/13) teen Maragon Mini-netbal kliniek (o/7 – o/9)
Dinsdag	24 April	Rugby en netbal liga teen Laerskool Fochville Graad 1 Opedag
Woensdag	25 April	Mini-netbal by Laerskool Dagbreek Graad R Opedag
Vrydag	27 April	Vryheidsdag
Sondag	29 April	Me. Naomi Ludick verjaar
Maandag	30 April	Skoolvakansiedag
Dinsdag	01 Mei	Werkersdag

Vriendelike groete

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

Skeurstrokie (Omsendbrief 9/2018)

Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur na u kind se voogonderwyser.

Hiermee erken ek _____ ouer/voog van _____
ontvangs van Omsendbrief 9/2018.

_____ _____
Handtekening van ouer / voog Datum